# Bybel Avonture vir Jong Lesers

LES 5



## Ondersteuning Span

## Ek kan teks Lees

**"En wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het." — Johannes 14:26**

## My Storie

Het jy al ooit gehoor dat iemand oor "bekende laaste woorde" praat? Hierdie is stellings wat 'n persoon dalk mag sê net voordat hy of sy gesterf het. Hier is 'n paar voorbeelde: "Nee, dit is nie 'n giftige slang nie." Of, "Hierdie geweer word nooit met werklike koeëls gelaai nie. " Dan is daar die persoon wat sê, "Gordels? Ek het hulle nie nodig nie, want ek is 'n versigtige bestuurder. " En laat ons nie die jongmens vergeet nie wat aan sy vriende sê, " Ek kan verseker, oor daardie diep gat in die grond spring. "Kry die idee? Jesus het 'n paar laaste woorde gehad om met sy dissipels te deel, net voordat Hy hulle verlaat het om terug te keer hemel toe. Hierdie was baie ernstige woorde en was vir jou en my ook bedoel.
Kyk na die teks in die **BIBLIOTEEK** en skryf neer wat Jesus gesê het

aan sy dissipels—en aan ons—net voor hy hierdie aarde verlaat het en teruggekeer het na sy Vader in die hemel. Voeg die ontbrekende woorde by.

"Die Heilige Gees sal oor julle ___________. Dan sal julle ___________ ontvang. Julle sal my ___________ wees." **(Handelinge 1:8).**

Volgens Jesus sal daar drie dinge met ons gebeur direk na Hy weggaan. Hierdie is dieselfde drie dinge wat met ons kan gebeur as ons aanvaar wat Jesus gesê het.

**1. Die Heilige Gees sal kom.**
**2. Ons sal krag ontvang.**
**3. Ons sal getuies word.**

Sjoe! Dit is wonderlik, aangesien ons net 'n eenvoudig spulletjie is! Maar wanneer die Heilige Gees verskyn, word ons 'n uitstekende spulletjie!" Ons is kragtig! Ons het werk om te doen. Deur die krag van die Heilige Gees te gebruik, kan ons God se liefde met die hele wêreld deel. (En jy het gedink jy gaan net 'n veearts of 'n vragmotorbestuurder wees. Lyk my dat God nog meer planne in gedagte het.) Het jy al ooit 'n professionele fietswedren gesien? Dis wonderlik. Atlete van rondom die wêreld kom bymekaar op een plek om deur stede en oor landpaaie te reis, elke een probeer om eerste die wedloop te voltooi. Hulle ry fiets oor die berge, oor valleie, deur tonnels, en steil afdraandes in op 'n spoedige tempo. Sodra die fietsryers verby gery het, volg 'n ander groep mense agterna. Elke ruiter het 'n ondersteuningspan wat in 'n motor of bus ry wat hom of haar volg en reg is om uit te help as iets breek of daar is 'n slegte pad of as die ruiter aanmoediging nodig het.
Die ondersteuningspan is baie belangrik vir die fietsryer. Hulle is daar om te help in tye van nood en om woorde van wysheid te bring wanneer almal verlore raak. Dit is die werk van die Heilige Gees. Hy is ons ondersteuningspan, gereed om uit te help en ons te troos op tye wanneer ons dit die meeste nodig het. Is jy nie bly dat in hierdie lewe die Heilige Gees reg agter jou is nie, gereed om jou aan te moedig en inligting te gee oor hoe jy die wedloop moet aanpak om te wen?

## Pret Feite

***FIETSRY VOETE:***

*Fred A. Birchmore, 25, het oor die hele aardbol gereis met 'n fiets in 1935. Die reis het, die hele Europa, Asië en die Verenigde State gedek 40.000 myl. Hy het ongeveer 25,000 myl pedaal. Die res was met 'n boot gereis.*



*Omtrent 100 miljoen fietse word vervaardig wêreld wyd elke jaar.*

# My Bybel Avonture

Hoe gee die Heilige Gees ons die krag wat ons nodig het om ons lewens in diens te lewer aan God?


**Vind die teks in die BIBLIOTEEK en sirkel die korrekte woord in elke Bybel kwotasie.**

" Want die Heilige Gees sal julle op daardie oomblik (sing) (leer) (bid) wat gesê moet word" **(Lukas 12:12).**

" En wanneer Hy kom sal Hy (bewys) (verdedig) (vra) aan die mense van die wêreld die waarheid oor sonde" **(Johannes 16:8).**

Om julle (aantreklik) (slim) (heilig) te maak is die Gees se werk" **(1 Petrus 1:2).**

" '[God] sal die helper stuur om met julle te wees (vir 'n week) (tot kersfees) (vir ewig) **(Johannes 14:16).**



## Teken 'n prentjie van jouself wat fiets ry in 'n wedloop.

Maak seker om 'n beskermende helm op jou kop te sit. Jy mag dalk deur 'n pragtige vallei of langs die stad se strate ry.
Maak dan seker om jou ondersteuning span in hulle klein rooi karretjie agter jou ook te teken. Skryf die woorde "Heilige Gees" op die kant van die karretjie om jou te herinner dat die Heilige Gees met jou is in die wedloop van die lewe.



## My Gebed

**Dankie, God, omdat U my so lief het dat U, U enigste Seun gestuur het, Jesus, om vir my sondes te sterf en my te red sodat ek kan lewe saam met U in die hemel. En dankie, Jesus, dat U die Heilige Gees gestuur het om my ondersteuningspan te wees tydens my aardse lewe. Ek sien uit daarna om te praat met God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees in die hemel eendag. Ek is lief vir Julle almal. Amen.**



## Biblioteek

- "Die Heilige Gees sal oor julle kom. Dan sal julle krag ontvang. Julle sal my getuies wees" **(Handelinge 1:8).**
- " Want die Heilige Gees sal julle op daardie oomblik leer wat gesê moet word" **(Lukas 12:12).**
- "En wanneer Hy kom sal Hy bewys aan die mense van die wêreld die waarheid oor sonde" **(Johannes 16:8).**
- "Om jou Heilig te maak is die Gees se werk" **(1 Petrus 1:2)**
- "[God] sal die helper stuur om met jou te wees vir ewig" **(Johannes 14:16).**



## My Vriend Ellen Skryf

***"Die belofte van die Heilige Gees is nie beperk tot enige ouderdom of enige ras nie. Aan almal wat Christus as 'n persoonlike Verlosser aangeneem het, het die Heilige Gees gekom as 'n berader, heiligmaker, gids en getuie " (The Acts of the Apostles bl. 49).***

Die woord heiligmaker beteken "om jou te help om meer en meer soos Jesus te word." Die Heilige Gees is 'n wonderlike Vriend en Helper. Hy kan jou baie dinge leer - nie deur woorde wat jy hoor nie, maar deur gedagtes wat jy dink. Sit soms stilletjies stil en sê eenvoudig: "Heilige Gees? Help my om meer te verstaan oor Jesus. "Hy sal mooi gedagtes in jou verstand plaas. Probeer dit!

## muntstuk vir jou gedagtes

**Watse gedagtes bring die Heilige Gees na jou verstand toe?**